

VERWOND TOT VERWONDERING

DIE SEWE OPSTANDINGSWOORDE VAN JESUS

“Ontvang die Heilige Gees!”

Johannes 20:19-23

Hierdie gedeelte van Johannes 20 verbind die voorafgaande toneel by die leë graf met die volgende gebeure wat in Johannes 20:24-29 gaan afspeel.

Dit is die eerste van drie verskynings van die opgestane Jesus aan sy dissipels wat in die Evangelie van Johannes opgeskryf is. Die tweede verskyning volg ‘n week later (20:24-29) en die derde verskyning nog ‘n tydperk later langs die See van Galilea (21:1-23; cf. 21:14).

Agter slot en grendel

Die vyfde opstandingswoorde van Jesus word in dieselfde toneel as verlede week gespreek. Die vreesbevange dissipels (minus Judas en Thomas) bevind hulleself steeds in dieselfde gebou in Jerusalem waarvan heel waarskynlik nie net die voordeur gegrendel is nie, maar so ook die ingang na die vertrek (die meervoud – *deure* – word immers hier gebruik).

Hulle kruip hier vir die Joodse owerhede weg terwyl die Fees van die Ongesuurde Brood steeds in die stad gevier word. Dit is hier waar Maria aan hulle die boodskap van

Jesus se opstanding gebring het en dit is hier waar Jesus sy wonderbaarlike verskyning maak – ‘n verskyning wat Jesus se beloftes aan sy dissipels tot vervulling bring (Sien Joh. 15:11; 16:20–24; 17:13).

Hy wys aan hulle sy deurboorde sy en hande (in die Lukas-Evangelie wys Jesus sy hande en voete), spreek die woorde “Vrede vir julle” twee maal waarna Hy die opdrag gee: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”

Jesus blaas oor hulle en sê “Ontvang die Heilige Gees!”

Na hierdie bostaande woorde doen Jesus iets wat ons nie in enige van die ander Evangelies lees nie: Hy blaas oor sy dissipels en sê “Ontvang die Heilige Gees”. Dit is ‘n simboliese handeling van diep betekenis en ‘n kragtige belofte van dit wat vir alle gelowiges aan die kom is: die gawe van die Heilige Gees wat met Pinkster uitgestort sou word en die totstandkoming van die Vroeë Kerk sou konstitueer.

Genesis en Esegïël

Om die betekenis van hierdie oomblik te verstaan moet ons teruggaan na die heel begin, die heel eerste keer toe God asem oor die

mensdom geblaas het. Tydens die Skepping het “[die] Here God ... die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het” (Gen. 2:7). God gee hier lewe aan die mens; bring die mens na sy beeld en gelykenis tot stand.

Hierdie kragtige beeld kom weer in Esegïel voor. Die volk Israel bevind hulself as magtelose bannelinge in Babilon; as ‘n volk wat uitoorlê, hulpeloos en mismoedig is; wat soos ‘n hoop dooie bene is. God sê dan aan Esegïel die volgende: “So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees [asem] in julle laat kom sodat julle kan lewe: Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees [asem] in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is” (Eseg. 37:5-6).

Nuwe Lewe

God se asem bring lewe. So ook getuig Psalm 104: 30: “U gee die lewensasem en daar is lewe; ook uit die grond laat U nuwe lewe spruit.” Die dissipels van Jesus wat in vertrek bymekaar gekom het was biologies gesproke lewendig, maar nog ‘n ander ‘n manier was hulle dood – lamgelê deur vrees en onsekerheid.

Jesus kom na hulle en bevestig sy Godheid deur op hulle te blaas – ‘n handeling wat hulle (as Jode wat die Hebreeuse Bybel sou ken) dadelik

aan Genesis en Esegïel sou herinner. Hierdie gebeurtenis sê aan hulle dat Jesus se dood en opstanding ‘n nuwe lewe vir hulle en vir alle gelowiges ingelei het. Dit is ook deur die ontvangs van die Gees waardeur hulle toegerus word om hulle taak as verkondigers van die Goeie Nuus, én die Nuwe Lewe in Christus, te verrig.

Om nuwe lewe aan ander te bring

Jesus volg sy aksie met die woorde: “As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie” (v. 23).

Hierdie vers moet in die lig van verse 21 en 22 gesien word wat handel oor die dissipels se deelname aan Jesus se sending en hulle toerusting met die Heilige Gees. Dit is die dissipels se taak om bekering en vergewing van sondes in Jesus se Naam te verkondig (Luk 24:47).

Waar mense tot geloof in Christus kom en hulle sondes bely, het die dissipels volmag om te verkondig dat hulle sondes vergewe is en dat ‘n nuwe lewe aangebreek het. Waar dit nie gebeur nie, geld die volmag om te verkondig dat die sondes nie vergewe is nie. Phil Robinson skryf hieroor: “Die dissipels word nooit regters nie. Hulle bly hoogstens bewende getuies van Christus se genadewerk.”

As gelowiges neem ek en jy ook deel aan Jesus se sending en word ons deur die Heilige Gees daarvoor toegerus. In 'n wêreld wat tegnologies gesofistikeerd is en gedryf word deur 'n strewe na ekonomiese welvarendheid is baie mense biologies lewendig, maar word deur 'n ander tipe dood bedreig – spanning, konstante besigwees en die oppervlakkigheid van sosiale media dra hiertoe by. Ons word geroep om die Nuwe Lewe, dit waarna daar ten diepste gesmag word, te verkondig; om te wys na die Gees van Christus wat vanuit die dood, lewe wek.

Vir Kleingroepe

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar die hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Ons ontmoet God

- Laat een persoon 'n openingsgebed doen.
- Lees Johannes 20:19-23 eers hardop waarna tyd gegee word sodat elkeen dit weer kan lees.
- Laat elke persoon deel wat hulle veral opval in hierdie gebeure.
- Ons fokus hierdie week op Jesus se woorde in vers 22 & 23.

Ons deel met mekaar

- Wat beteken dit vir jou dat Jesus op die dissipels blaas? Hoe verstaan jy

die Gees van God as die *Asem* wat lewe gee?

- Wie en hoe is God wat jy in hierdie daad en woorde van Jesus leer ken?
- In watter aspekte van jou lewe bedreig 'n doodsheid jou? Waar het jy nuwe lewe nodig?
- Hoe kan jy, daar waar jy kom, wys na die Gees wat vanuit dood, nuwe lewe wek?

Ons bid saam

- Sluit af met 'n oomblik van stilte waar daar op jou se asemhaling gefokus word.
- Vra een persoon om met gebed af te sluit.